Kraamverlof

WOULD YOU LIKE A SISTER FOR A YEAR?

12 Issues Posted to you

for: R6 → Students + exploited workers

for: R8 → Normal rate

for: R20 → Donor Subscription

Send your orders to:

SISTER COLLECTIVE
PO Box 60100
Katutura Namibia 9000

SISTER het met ontsteltenis verneem dat meeste van die maatskappye en werkplekke in Namibia nie vir hulle vroulike werkers kraamverlof gee nie. Baie werkgewers het voorgegee dat hulle wel kraamverlof toestaan, maar op die vraag hoe dit werk, het ons agtergekom dat dit nie werk soos dit behoort te werk nie.

By die meeste werkplekke moet vrouens hul vakansieverlof en siekverlof gebruik. Sy moet aansoek doen daarvoor en sê dit is vir kraam alhoewel sy haar vakansieverlof en siekverlof gebruik. Sy mag gewoonlik nie langer as drie maande van die werk af wegbly nie, anders moet sy bedank.

Wanneer sy byvoorbeeld nie genoeg opgehoopte verlof het nie moet sy die res neem as onbetaalde verlof. Een groot maatskappy se reëls is so geskryf dat 'n vrou wat op ''kraamverlof''was, nie verseker is van dieselfde werk wanneer sy teruggaan werk toe nie, maar tevrede moet wees met 'n ander werk in die maatskappy.

Op die vraag van waarom mans wat militêre diensplig doen, dan volle betaling kry van hulle werkgewers het hulle geantwoord dat die twee sake nie vergelyk kan word nie. SISTER stem nie hiermee saam nie. Net soos wat dit as mans se ''plig'' beskou word om in 'n weermag te dien, net so onvermydelik is dit dat vrouens die enigste mense is wat kinders kan baar.

Al die woordvoerders van maatskappye waarmee SISTER gepraat het, het gesê dat daar geen diskriminasie bestaan tussen manswerkers en vroue-werkers nie. Maar daar is altyd 'n verskil tussen wat gesê word en wat die waarheid is. Skryf asseblief vir ons sisters en vertel julle stories sodat ons dit kan publiseer!

Vrouens het die reg op betaalde Kraamverlof ♀